basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## GESKIEDENIS

## MODEL 2012

**PUNTE: 150**

**TYD: 3 uur**

**Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 10 bladsye.**

Kopiereg voorbehou 

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B gebaseer op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk soos in die KABV-dokument.

2. AFDELING A bestaan uit DRIE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat nodig is om die vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit SES opstelvrae.

4. MOENIE TWEE opstelvrae uit dieselfde tema beantwoord nie.

5. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   5.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   5.2 Die derde vraag kan óf 'n brongebaseerde óf 'n opstelvraag wees.

6. In die beantwoording van vrae moet kandidate hul kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Die blote oorskryf van die bronne as antwoorde sal kandidate benadeel.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou 

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 1: WATTER FAKTORE HET BYGEDRA TOT DIE UITBREEK VAN DIE FRANSE REVOLUSIE IN 1789?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D om die volgende vrae te beantwoord.

1.1 Lees Bron 1A.

1.1.1 Definieer die term *absolute monargie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Waarom, volgens die bron, het die Franse na koning Louis XVI as 'n 'tiran' verwys? (1 x 2) (2)

1.1.3 Verduidelik die effek wat die 'verseëlde briewe' op gewone Franse burgers gehad het. (2 x 2) (4)

1.1.4 Gee DRIE redes waarom die kleinboere ongelukkig was met koning Louis XVI se regering. (3 x 1) (3)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Watter items het bygedra tot die Franse monargie se:

(a) Grootste inkomste (1 x 2) (2)
(b) Grootste uitgawe (1 x 2) (2)

1.2.2 Hoeveel geld het koning Louis XVI ontvang uit donasies? (1 x 1) (1)

1.2.3 Deur die inligting in die bron en jou eie kennis te gebruik, identifiseer en verduidelik watter EEN van die genoemde uitgawes jy dink bygedra het tot die Franse Revolusie. (1 x 2) (2)

1.2.4 Hoe dink jy kon die Franse monargie sy uitgawes verminder het? (1 x 2) (2)

1.3 Met verwysing na Bron 1A en 1B, watter argumente het gewone Franse burgers aangevoer om hulle ongelukkigheid met koning Louis XVI se regering te regverdig? Jou antwoord moet ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) lank wees. (6)

1.4 Verwys na Bron 1C.

1.4.1 Waarom, dink jy, het die meeste vrouens gekla dat Frankryk 'n 'treurige land' was? (1 x 2) (2)

1.4.2 Identifiseer die DRIE besittings wat die vrou se man gehad het. (1 x 3) (3)

1.4.3 Verduidelik hoe belastings soos die 'taille' arm Franse gesinne beïnvloed het. (1 x 2) (2)

Kopiereg voorbehou 

1.5 Raadpleeg Bron 1D.

1.5.1 Identifiseer die DRIE figure in die spotprent. (3 x 1) (3)

1.5.2 Watter boodskap word deur die spotprent oorgedra? (2 x 2) (4)

1.5.3 Verduidelik hoe die adellikes bygedra het tot die las van die kleinboere. (2 x 2) (4)

1.5.4 Hoe kan hierdie spotprent gebruik word om die oorsake van die Franse Revolusie te verduidelik? Gebruik die visuele leidrade uit die bron asook jou eie kennis om jou antwoord te formuleer wat ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) lank moet wees. (6)

**[50]**

**VRAAG 2: WATTER ROL HET KONING SHAKA IN DIE STIGTING VAN DIE ZULU-KONINKRYK GESPEEL?**

Bestudeer Bron 2A, 2B en 2C om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Watter DRIE hoofmanskappe het Shaka saamgevoeg om die Zulu-nasie te vorm? (3 x 1) (3)

2.1.2 Wat was die betekenis van Senzangkhona se dood? (1 x 2) (2)

2.1.3 Hoe het Shaka getreur oor die dood van sy moeder Nandi? (1 x 2) (2)

2.1.4 Watter verduideliking gee geskiedkundiges vir die manier waarop Shaka op sy moeder se dood gereageer het? (2 x 1) (2)

2.1.5 Waarom, volgens die bron, het Shaka 'n sterk weermag gehad? (1 x 3) (3)

2.1.6 Verduidelik die konsep *Mfecane* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.1.7 Lewer kommentaar oor of Mzilakazi geregverdig was om vir die AmaZulu te vlug. (2 x 2) (4)

2.1.8 Verduidelik in watter mate die inligting in hierdie bron beskou kan word as 'n betroubare verslag oor die Mfecane. (3 x 2) (6)

2.2 Lees Bron 2B.

2.2.1 Noem TWEE leierseienskappe van Shaka. (2 x 1) (2)

2.2.2 Waarom, volgens Wylie, was dit verkeerd om na Shaka te verwys as 'n massamoordenaar? (1 x 2) (2)

2.3 Vergelyk Bron 2A en 2B. Verduidelik hoe hierdie bronne verskil in hulle beoordeling van Shaka. Jou antwoord moet ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) lank wees. (6)

2.4 Verwys na Bron 2C.

2.4.1 Gee TWEE gevolge van die Mfecane. (2 x 1) (2)

2.4.2 'Shaka het regeer soos 'n despoot.' Verduidelik of jy saamstem met hierdie voorstelling van Shaka. (2 x 2) (4)

2.4.3 Waarom, dink jy, het die meerderheid Zulus Shaka se grondbeleid ondersteun? (2 x 2) (4)

2.5 Die tradisionele siening onder sommige geskiedkundiges was dat die Mfecane tot die opgang van koning Shaka gelei het. Gebruik die inligting uit die bronne, asook jou eie kennis om 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) te skryf waarin jy verduidelik of dit 'n akkurate siening van koning Shaka is. (6)

**[50]**

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE NATURELLE GROND WET VAN 1913 OP SWART SUID-AFRIKANERS?**

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Verwys na Bron 3A.

3.1.1 Watter 'groot toets' het op die SANNC gewag nadat dit gestig is in 1912? (1 x 1) (1)

3.1.2 Waarom, dink jy, is die Naturelle Grond Wet van 1913 op swart Suid-Afrikaners afgedwing? (1 x 2) (2)

3.1.3 Noem TWEE gebiede waarheen pagters gedwing is om te trek as gevolg van die Naturelle Grond Wet van 1913. (2 x 1) (2)

3.1.4 Volgens Sol Plaatje het die Naturelle Grond Wet van 1913 swart Suid-Afrikaners in ondergeskikte posisies geplaas. Noem TWEE. (2 x 1) (2)

3.1.5 Hoe, dink jy, het die Naturelle Grond Wet van 1913 swart gesinne geraak? (2 x 2) (4)

3.2 Bestudeer Bron 3B.

3.2.1 Watter versoek, volgens die bron, het die landheer op Maria afgedwing? (1 x 2) (2)

3.2.2 Definieer die konsep *kontrakarbeid* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.2.3 Waarom het die landheer Maria se strooidakhuis aan die brand gesteek? (1 x 2) (2)

3.2.4 Waarheen het Maria gegaan toe sy van die plaas af gedwing is? (1 x 1) (1)

3.2.5 Verduidelik hoe Maria se menseregte geskend is. (2 x 2) (4)

3.3 Gebruik Bron 3C.

3.3.1 Wie, volgens die bron, het die landheer beïnvloed om sy denke te verander rakende die implementering van die Naturelle Grond Wet van 1913? (1 x 1) (1)

3.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat toon dat mnr. V se vrou gereed was om die Naturelle Grond Wet van 1913 teë te staan. (1 x 2) (2)

3.3.3 Waarom is die Naturelle Grond Wet van 1913 as onregverdig beskou? (1 x 3) (3)

3.3.4 Watter bewyse in die bron toon dat die skare tevrede was met mnr. V se toespraak? (2 x 1) (2)

3.4 Gebruik Bron 3B en 3C. Daar word gesê dat onderhoude met ooggetuies betroubaar is wanneer die verlede geherstruktureer word. Skryf 'n paragraaf van ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) om die betroubaarheid van Bron 3B en 3C rakende die impak wat die Naturelle Grond Wet van 1913 op pagters gehad het, te verduidelik. (6)

3.5 Verwys na Bron 3D.

3.5.1 Watter boodskap dra die foto oor die SANNC as 'n organisasie oor? (1 x 2) (2)

3.5.2 Verwys na die bron en gee die name van die volgende afgevaardigdes:

(a) Die president van die SANNC (1 x 1) (1)

(b) 'n nasionale uitvoerende lid van die SANNC (1 x 1) (1)

3.5.3 As 'n geskiedkundige wat die uitwerking van die Naturelle Grond Wet van 1913 bestudeer, verduidelik die beperkings van hierdie foto as geskiedkundige bewys. (2 x 2) (4)

3.6 Vergelyk Bron 3A en 3D. Verduidelik hoe hierdie bronne mekaar ondersteun rakende die rol van die SANNC in hulle poging om te protesteer teen die Naturelle Grond Wet van 1913. Jou antwoord moet ongeveer SES reëls (ongeveer 60 woorde) lank wees. (6)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag en nie meer as TWEE vrae uit hierdie afdeling.

### VRAAG 4: DIE WÊRELD RONDOM 1600

Beantwoord óf VRAAG 4A óf VRAAG 4B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

### VRAAG 4A

Bespreek die veranderings wat gemeenskappe ondergaan het gedurende die tydperk van 1340 tot 1850 in enige EEN van die volgende ryke:

4.1 Die Ming-dinastie

4.2 Die Songhai-ryk

4.3 Die Mogol-ryk **[50]**

**OF**

### VRAAG 4B

Die wêreld in 1500 was anders as die wêreld waarin ons vandag leef. Dit was 'n wêreld waarin nie een kontinent of kultuur die res gedomineer het nie. Elkeen het sy eie sterk punte en swakhede gehad, maar hulle was gelyk.

Verduidelik in watter mate jy met stelling hierbo saamstem deur te verwys na 'n gevallestudie uit enige EEN van die volgende ryke:

4.1 Die Ming-dinastie

4.2 Die Songhai-ryk

4.3 Die Mogol-ryk **[50]**

**VRAAG 5: UITBREIDING EN VEROWERING GEDURENDE DIE 15de TOT DIE 18de EEU**

Beantwoord óf VRAAG 5A óf VRAAG 5B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

**VRAAG 5A**

Bespreek die kolonisasieproses en die gevolge daarvan op inheemse gemeenskappe. Kies óf Spanje óf Portugal as 'n voorbeeld van 'n koloniale moondheid om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

**OF**

**VRAAG 5B**

Die slawehandel het 'n groot invloed gehad op inheemse mense wat in die Kaap gewoon het in die 18de eeu.

Stem jy saam met die standpunt? Staaf jou antwoord met relevante voorbeelde. **[50]**

**VRAAG 6: KOLONIALE UITBREIDING NA 1750**

Beantwoord óf VRAAG 6A óf VRAAG 6B. MOENIE albei vrae beantwoord nie.

**VRAAG 6A**

Bespreek die gevolge van koloniale uitbreiding op inheemse gemeenskappe wat in die binneland van Suid-Afrika gewoon het. Kies 'n relevante voorbeeld om jou antwoord te ondersteun. **[50]**

**OF**

**VRAAG 6B**

Daar is na Moshoeshoe verwys as 'n militêre strateeg, diplomaat, onderhandelaar, versoener en nasiebouer.

Beoordeel die akkuraatheid van die standpunt deur na Moshoeshoe se rol in die vereniging van die Basotho-koninkryk te verwys. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou